# PROBLEME UIT DIE SILLABUS

# DIE RUSSIESE REWOLUSIE

Daar is twee sake wat by 'n behandeling van die Russiese Rewolusie skynbaar heelwat probleme oplewer. Die eerste hang saam met die feit dat daar gewoonlik van dié Russiese Rewolusie van 1917 gepraat word, of van die Kommunistiese Rewolusie, terwyl daar in werklikheid twee rewolusies in 1917 in Rusland plaasgevind het. Die tweede probleem staan in verband met die presiese rol wat Lenin en die Kommuniste gedurende 1917 gespeel het. Het hulle werklik die Rewolusie gelei of het die Rewolusie in hulle skoot geval?

Alvorens op hierdie twee probleme ingegaan word, is dit nodig om eers 'n perspektief op die politieke klimaat in Rusland sedert die eeuwending te kry. Daar was heelwat ontevrede groepe in Rusland, maar net drie van hulle is vir die ontwikkeling van die rewolusie van wesenlike belang:

- Die ontwikkelde en relatief welvarende hoër middelstand en burgerlikes was ontevrede met die outokrasie van die tsaar en wou 'n parlementêre regeringstelsel soos wat in Brittanje bestaan het, tot stand bring. Hulle wou dus die politieke mag van die tsaar en sy hofadel en raadgewers na hulleself verskuif. Daarom moes beperkte stemreg wat aan hoë eiendomskwalifikasies gekoppel was, ingestel word en moes die parlement oor wesenlike magte, veral volledige beheer oor finansies en ekonomiese sake, beskik. Heelwat van hierdie Konstitusionele Demokrate of Liberales soos hulle bekend gestaan het, het geglo dat daar dalk vir die tsaar binne só 'n stelsel ruimte sou wees as hy maar gewillig sou wees om hom aan die mag van die parlement te onderwerp. Die leier van hierdie groep was Vasilii Maklakov wat sy hoop daarop gevestig het dat die samewerking van die tsaar verkry sou word en dat 'n beperkte parlementêre demokrasie geleidelik ingevoer sou kon word. Die instelling van die Doema en belangrike maatreëls wat deur die Doema en die plaaslike streeksrade of zemstvo's ingevoer is, het Maklakov en sy ondersteuners bemoedig. Die teenspoed wat die oorlog gebring het en die ernstige verset teen die tsaar wat daaruit voortgevloei het, het hulle hoop verydel.

  Die tweede groep liberales was onder leiding van Paul Miliukov. Hulle wou konstitusionele regering onmiddellik tot stand bring en het in geen kompromis hoegenaamd met tsarisme geglo nie. 'n Geskrewe grondwet moes opgestel word waarin die magte en pligte van die parlement duidelik omskryf is. Hulle het ook geglo in 'n sekere mate van sosiale hervorming, veral hervormings ten opsigte van grondbesit, sodat 'n beter bedeling vir die kleinboere geskep kon word.

- Die tweede groep is die kleinboere wat die oorgrote meerderheid van die bevolking uitgemaak het en wat sedert die vrystelling van die kleinboere van die feodale stelsel in 1861 'n baie moeilike bestaan gevoer

het. Hulle groot ideaal was om elkeen 'n stukkie grond te bekom waar 'n selfstandige boerdery bedryf kon word. Omdat hulle ongeleerd, tradisionalisties en ongeorganiseerd was, was dit vir hulle moeilik om betekenisvolle politieke invloed uit te oefen. Hulle individualisme het ook meegebring dat die politieke party wat namens hulle opgetree het, die Sosiaal-Rewolusionêres, mank gegaan het aan 'n doeltreffende stategie en sterk en bekwame leiding. Pogings om skemas vir die hervorming van gronbesit deur te voer, soos dié van Stolypin, het in belangrike opsigte verbeteringe gebring maar het te laat gekom en was nie omvattend genoeg nie.

Die Sosiaal-Rewolusionêres se groot probleem was hulle politieke onbedrewenheid en onervarendheid. Hoe moes hulle hulleself tussen die Konstitusioneel-Demokrate met sy klein getalle maar invloedryke en ontwikkelde leiers, en die Bolsjewiste met hulle rewolusionêre strategie, handhaaf. Hulle onvermoë om dit te kon doen was een van die redes vir die November Rewolusie.*

- Die stedelike arbeiders en die soldate was sedert die snelle industralisasieprogram wat in 1890 begin is, die snelgroeiendste klas in die Russiese samelewing, verstedeliking, en die daarmee gepaardgaande veranderinge en ontwortelinge, het hierdie mense los gemaak van hulle tradisionele bindinge. Gevolglik was hulle baie vatbaar vir propaganda en rewolusionêre bewegings. Die gemiddelde jaarlikse nywerheidsgroei was 8%, wat beter was as in die meeste Europese lande. Teen 1900 het daar egter 'n depressie ingetree wat tot groot ontevredenheid gelei het en o.a. bygedra het tot die oorlog van 1904 - 1905 teen Japan waarin Rusland verslaan is, en die onrus van 1905 wat as die 1905-rewolusie bekend is. Tussen 1905 en die Eerste Wêreldoorlog was die nywerheidsontwikkeling weer sodanig dat 'n groeikoers van 6% gehandhaaf is.

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog was toestand in Rusland meer rooskleurig as op enige ander tydstip vóór 1914. Dar was meer eensgesindheid en patriotisme onder die Russiese volk wat 'n geleentheid gebied het om groot politieke verbeteringe en aanvaarding te verkry. Die verloop van die oorlog sou egter 'n traumatiese uitwerking op die Russiese volk hê. Die nederlae van die Russiese leër en die feit dat Rusland van sy Geallieerde bondgenote afgesny is, het 'n ernstige tekort aan ammunisie en voorrade in die land veroorsaak. Dit het 'n kloof tussen die regering en die Doema geskep want laasgenoemde het die regering vir die toestand van sake verantwoordelik gehou. Na die uitbreek van die oorlog het daar 'n hele aantal organisasies vir oorlogshulp tot stand gekom soos byvoorbeeld die Unie van Zemstvo's. Tussen hierdie liggaam en die Doema het 'n goeie verstandhouding ontwikkel en hulle het al hoe meer standput teen die regering begin inneem veral oor die hantering van die oorlog. In die Doema het liberales en gematigde ondersteuners van die tsaar begin saamwerk en toenemende invloed uitgeoefen. Hulle is deur Miliukov in 'n Progressiewe Blok georganiseer wat geëis het dat 'n kabinet saamgestel moes word wat die vertroue van die Doema sou geniet.

Die tsaar is voor die keuse geplaas om óf om die oorlog te beëindig en dus die Geallieërdes te verraai. Laasgenoemde was vir hom onaanvaarbaar. Hy het probeer om uit die moeilikheid te kom deur persoonlik die leiding van die leër oor te neem. Hy kon geen bekwame ministers kry om hom by te staan nie en die een kabinet na die ander is saamgestel. Die tsaar het al hoe meer geïsoleerd geraak na mate ondersteuners van regs in die Doema hulle steun aan hom onttrek het. Selfs die Gealieerdes het hom in hulle oorlogsbeplanning buite rekening begin laat. Dit is onder hierdie omstandighede dat tsarina Alexandra en Gregory Rasputin al hoe meer invloed oor die tsaar verkry het. Hy het hom te veel aan hulle vreemde advies gesteur en gevolglik steeds meer uit voeling met die volk geraak.

Teen die winter van 1916 het 'n gees van pessimisme in Rusland posgevat. Dit is doelbewus aangeblaas deur die Bolsjewiste en Lenin wat vanuit die buiteland munt uit die situasie probeer slaan het. Dit is hulle wat onder die soldate en die stedelike werkersklas die gedagte versprei het dat Rusland net deur 'n opstand gered kan word.

In die winter van 1916/17 het die botsing tussen die tsaar en die Doema 'n krisispunt bereik. Geweldpleging as gevolg van die voedselskaarste het in St. Petersburg uitgebreek. In 'n wanhoopspoging het die tsaar die Doema weer op 27 Februarie 1917 byeengeroep. In plaas daarvan om alles mootlik in die werk te stel om hulle samewerking te verkry, het die tsaar op 11 Maart weer die Doema ontbind. Hierdie keer het hulle egter geweier om uitmekaar te gaan en 'n komitee van 12 lede benoem om namens hulle op te tree. Die liberales en gematigdes, dit wil sê die Konstitusioneel-Demokrate en tsaargesindes, was in die meerderheid op die komitee. Daar was egter ook twee sosialiste Alexander Kerenski en Nikolaas Chkheidze onder hulle. Hierdie komitee het nou besluit om die regering oor te neem. Intussen is in St. Petersburg onder die arbeiders en soldate 'n plaaslike raad of Sowjet georganiseer om namens hulle op te tree. Chkheidze was die leier van dié Sowjet.

Die Doema het 'n Voorlopige Regering onder leiding van Prins Lvov saamgestel en Kerenski in die voorlopige kabinet opgeneem. Op 11 Maart het die tsaar geabdikeer ten gunste van sy broer groothertog Michael. Hy het egter geweier om die gesag oor te neem en dit aan die Voorlopige Regering oorgedra. Dit is wat bekend is as die Maart Rewolusie. Dit het die einde van die Romanovs beteken. Die liberales het dus nou die geleentheid gekry om 'n demokratiese regering in Rusland te vestig.

Die gesag van die Voorlopige Regering was egter beperk. In werklikheid was die St Petersburgse Sowjet die liggaam aan wie die massa hulle gesteur het. Dit het hulle in staat gestel om baie druk op die regering van Prins Lvov uit te oefen. Hulle is o.a. gedwing om 'n dekreet uit te vaardig waarvolgens algemene amnestie verleen is, vryheid van spraak, vergaderings, vakbonde en die reg tot stakings verleen is. Alle sosiale, nasionalistiese en godsdienstige bevooregting is afgeskaf, die regering moes onderneem om 'n nasionale vergadering byeen te roep en om algemene manlike stemreg te verleen. Die beheer oor die situasie het dus uit die hande van die regering begin glip.

Die St Petersburgse Sowjet het uit 2 500 verteenwoordigers bestaan van wie die meerderheid ondersteuners van die Sosiaal-Rewolusionêre Party was. Die Sosiaal-Demokratiese Party was die tweede sterkste en die Bolsjewiste die swakste. Laasgenoemde was egter baie aktief en het presies geweet wat hulle wou hê. Dit was hulle wat daarop begin aandring het dat die oorlog beëindig moes word, 'n slagspreuk wat heelwat steun by die soldate sou uitlok.

Toestande in die Russiese leër het vinnig verswak en soldate is toegegooi onder Bolsjewistiese propaganda. Sowjette is oral onder hulle georganiseer. Die offisiere het hulle dissipline oor die soldate verloor. Prins Lvov moes uiteindelik as Eerste Minister bedank en is deur Kerenski vervang. Hy het sy hoop op lojale steun van die leër gebou en daarom het hy genl. Kornilov as hoof aangestel. Daar het egter 'n breuk tussen hulle ontstaan omdat Kornilov die hoop van die meer gematigdes geword het wat teen Kerenski se sosialisme gekant was en liefs 'n konstitusionele monargie wou gehad het. Kerenski het Kornilov afge-

dank maar hy het geweier om dit te aanvaar en weermag-eenhede gemobiliseer om teen Kerenski op te tree. Om homself te red was Kerenski verplig om die hulp van die St Petersburgse Sowjet in te roep. Kerenski het weliswaar daarin geslaag om Kornilov te arresteer maar het in dié proses alhoemeer onder die invloed van die Sowjet gekom.

Kerenski het sy hoop nou gevestig op die beloofde Nasionale Vergadering wat op 25 November 1917 bymekaar sou kom. As hy daar 'n meerderheid kon behaal, sou die Voorlopige Regering gered kon word en sou met die opstel van 'n grondwet begin kon word. Die Bolsjewiste het dit ook besef en geweet dat hulle moes optree om dit te verhinder. 'n Russiese Kongres van Sowjette is vir 7 November belê. Lenin het besluit op 'n staatsgreep. In die nag van 7 November het uitsoekgroepe van die Bolsjewiste die regeringsgeboue in St. Petersburg met betreklike gemak beset omdat die regering nie op die lojaliteit van die leëreenhede wat dit moes bewaak, kon staatmaak nie. Die Bolsjewiste het wederregtelik in naam van die Sowjet opgetree en vier eise gestel:

- Onmiddellike vredesonderhandelinge met Duitsland
- Verdeling van groot landgoedere onder die kleinboere
- Oorname van die beheer van nywerhede deur die werkers
- Oorname van die regering deur die Kongres van Sowjette.

Die eise was daarop gemik om die steun van die soldate, kleinboere, werkers en die Sowjet vir die Bolsjewiste te verseker. Lenin se rewolusionêre strategie was besonder deeglik beplan. Hoe suksesvol dit was, sou op die Kongres van Sowjette blyk. In werklikheid was die Bolsjewiste 'n klein minderheid in die Kongres. Die Sosiaal-Rewolusionêre en die Sosiaal-Demokratiese Party het onmiddellik na die opening van die Kongres heftig beswaar gemaak teen die wederregtelike optrede van die Bolsjewiste. Nogtans het die Bolsjewiste daarin geslaag om hulle optrede deur 'n meerderheidstem goedgekeur te kry. Lenin het nou as onbetwiste leier in die Kongres navore getree en 'n eie kabinet, bekend as Volkskomissarisse, saamgestel en dadelik alle belangrike regeringsposte uit die geledere van die Bolsjewiste gevul. Veral die spesiale polisiemag, die Cheka, en die gereorganiseerde Rooi Leër sou 'n sleutelrol speel.

Intussen het die verkiesing vir die Nasionale Vergadering plaasgevind. Van die 703 afgevaardigdes was maar 168 lede van die Bolsjewistiese of Kommunistiese Party soos dit toe bekend was. Die Sosiale-Rewolusionêre Party het die meerderheid gehad. Die Duitsers het nou besef hoe wankelrig die Bolsjewiste se posisie in Rusland as geheel was en het oorhaastig oor vrede begin onderhandel.

Die grootste bedreiging vir die Bolsjewiste was die nuutverkose Nasionale Vergadering wie se eerste sitting op 18 Januarie 1918 geopen sou word. Die Bolsjewiste het vinnig opgetree en eers al die nie-sosialistiese afgevaardigdes gearresteer en toe die res nog weier om die gesag van die Kommunistiese regering te erken, het die Kommuniste hulle onttrek en die Nasionale Vergadering by wyse van 'n dekreet ontbind. Die burgeroorlog wat hierna in Rusland gewoed het, is 'n bewys van hoe onaanvaarbaar die Kommunistiese bewind vir baie was. Die anti-kommunistiese magte kon egter geen suksesvolle strategie ontwikkel nie en die Kommuniste se magsoorname kan in die volgende punte saamgevat magsoorname is uiteindelik gekonsolideer.

Die twee rewolusies het dus ineengevloei. Die redes vir die uiteindelike Kommunistiese magsoorname kan in die volgende punte saamgevat word:

- Die totale gebrek aan geskikte leierskap by die nie-kommunistiese groepe
- Die ernstige verdeeldheid in die Voorlopige Regering
- Die invloed van die Eerste Wêreldoorlog
- Die berekende en gewetenlose rewolusionêre strategie wat Lenin ontwikkel en toegepas het.

**In 1917 het Rusland nog die ou Juliaanse kalender gebruik wat 13 dae verskil van die nuwe Juliaanse kalender. Volgens eersgenoemde kalender het die rewoulusies onderskeidelik in Februarie en Oktober plaasgevind. Met die aanpassing na die Westerse nuwe Juliaanse kalender is alle gebeure in die Russiese geskiedenis dus net 13 dae aangeskuif. Daarom word eerder van die Maart en November Rewolusies gepraat.*